

**9 April**

**Johannes 20:19-28, (Teks: 20:21)**

***'n Dubbele groet***

Ons is geneig om 'n gewone groet soos "Goeie môre! of "Dagsê!" as 'n vanselfsprekende kommunikasie-aanknoping te aanvaar. Aan die inhoud van die woorde word egter by 'n groet gewoonlik min of geen verdere aandag gegee nie.

As die een wat groet egter sy groet skielik herhaal, dan trek dit onmiddellik die aandag. Die opgestane Heiland het van hierdie buitengewone groetmetode van herhaling gebruik gemaak die eerste aand na sy opstanding.

Uit vrees vir die Jode het die dissipels daardie Sondagaand agter geslote deure vergader. Wat sou nie alles in hulle gedagtes en gesprekke na vore gekom het nie?! Hulle Here is nou dood en begrawe. Tog is sy graf leeg. Maria sê Hy het opgestaan en met haar gepraat. Maar kan 'n mens dit nou glo? Wat moet jy in hierdie deurmekaar omstandighede hoop of vrees? Skielik staan die Middelaar in hulle midde. Geen geslote deur kan Hom buite hou nie - die Herder moet by sy verwarde skape wees.... Dan groet Hy hulle met die gewone Joodse groet: "Vrede vir julle!" Hy wys hulle woordeloos sy stukkende hande en sy deurboorde sy.

Skielik groet Hy weer. Maar nou is dit meer as 'n groet. Veel meer. Dit word 'n seënbede, al bly die woorde dieselfde: "Vrede vir julle!" Ja, my vrede gee Ek aan julle. My Gees sal julle lei en julle troos. Al sou die wêreld julle haat, hierdie vrede van julle sal niemand van julle kan wegneem nie. Vrede vir julle!

Ook vir ons, sy 20e eeuse kudde, groet die goeie Herder as opgestane Here, ja seëngroet Hy. "Vrede vir julle!" En dié groet is meer as genoeg.

Sing: Skrifberyming 10:1,2

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)